

C. BROUWER, *Wachter en Herder*, Een exegetische studie over de herderfiguur in het Oude Testament, inzonderheid in de pericopen Zacharia 11 en 13:7-9. Wageningen, H. Veenman en Zonen, 1949, 275 bls. Prys f 6.40.

In tipografies keurige versorging soos ons van die uitgewer gewoon is, by wie reeds baie teologiese proefskrifte verskyn het in die laaste kwart-eeu, en van 'n besonder oorsigtelike inhoudsopgawe voorsien, neem mens met graagte en met gespanne verwagting hierdie doktorsdissertasie ingedien by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Utrecht ter hand.

Die boek is die kennisname oorwerd, vanweë sy selfstandige, oorspronklike aanpak van die nog altyd nie opgeloste probleem van die herderperikope van die boek Sagaria. Dat 'n so uitgebreide studie oor presies 20 verse van 'n Outestamentiese geskrif gebied word, toon sowel die belangrikheid van daardie Skrifgedeelte as die breë omlysting waarin die ondersoeker dit gestel het, soos die ondertitel van sy boek reeds aangee.

Die spraakgebruik van die skrywer wys hom duidelik aan as afkomstig uit 'n bepaalde, skerpomlynde groep uit die kerklike wêreld van Nederland; te meer blyk dit uit sy teologiese belangstelling vir geloofsvoorstelling soos voldoening en uitverkiesing. Intussen is ewe merkbaar dat die skrywer hom uit daardie milieu tot 'n selfstandige posisie losgewerk het, waar hy sonder blykbare besware die kritiese resultate aanvaar van 'n Deutero- en selfs Trito-jesaja, 'n datering van die boek Job na die genoemdes, en van die Asafpsalms 74, 77, 79, 80 as

na-eksilies. Enkele skamper, hooghartige opmerkings aan die adres van die historiese kritiek pas daar nie goed by nie maar neem mens teenoor die geboekte wins graag op die koop toe, en kan miskien as atavismes verontskuldig word.

In 'n oriënterende inleiding oor die herderfiguur in die lewe van die ou nabye Ooste en spesiaal Israel (waarby mens egter die indruk kry dat die skrywer geen persoonlike kennis besit van die Sumeries-Akkadiese tale van Ou Babilonië nie) beklemtoon hy op voetspoor van Feigin die onderskeid tussen opper- en onderherders, eienaars en loonknegte, herders en wagters, 'n onderskeiding wat hom vir die Sagariaperikope van belang voorkom, waar hy in H. 11 die wagterfiguur meen te kan ontdek en in H. 13 die egte herdergestalte.

In die eerste hoofstuk bied Dr. Brouwer 'n ingrypende karakteristiek van die persoon van die profeet en sy werkwyse, ontleen aan albei dele van die na hom genoemde boek, want Brouwer verdedig die eenheid van Sag. 1-8 met 9-14. Die vernaamste formele kenmerk van die profeet, wat gedurig weer in die studie beklemtoon word, is „die obskure” van sy taalgebruik; verder is daar die sterk aansluiting aan vroeëre profete, wie se woorde egter dikwels met ander inhoudes gevul word, wat die skrywer goed definieer as „skrifgeleerde profesie”. Hy noem die werkwyse van die profeet die „vertikale deurlewing van ouer profesieë”, hulle transsendentering en eskatologisering en dus onthistorisering. Hy noem dit selfs as doel van sy studie om hierdie „herskepende krag in die visionêre gebruik van die ou profetewoorde” uitvoerig aan te toon (bl. 68).

Die skrywer is sterk bybelsteologies ingestel, en gee op bl. 69 vv. die „teologiese grondlyne van die Ou Testament deurgetrek tot op Sagaria”, veral ten opsigte van kernbegrippe soos die verbondsgedagte, die verskil tussen die twee woorde vir geregtigheid *ḡdāqā* en *mišpāt*, die versoeningsvoorstellings en dié van verlossing. Mens is geneig om by alle waardering van die groot lyne wat die skrywer hier probeer trek, te vra of hier tog nie te veel geteoretiseer word nie en of nie te veel in lyn gesien word nie wat dikwels naas mekaar bestaan het. Die verklaring van die offerterme *qorbān* en *minchā* op bl. 90 is m.i. gesien vanuit die Hebreeuse spraakgebruik beslis onjuis; ewemin aanneemlik is die verklaring van die regsterme in die boek Job op bl. 93 en die hele ekse-gese van die merkwaardige perikoop oor die voorbidder-engel in die Elihurede H. 33:23-28, wat ten geriewe van die skrywer se betoog as regter en verpersoonliking van die geregtigheid van God word opgevat. Netso onwaarskynlik is die opvatting van die Engel van die Here in Sag. 3 as regter; veeleer is hy hier (vgl. vs. 2) eweseer as in H. 1:12 voorbidder.

In sy bespreking van die Messiasverwagting gee die skrywer besonder behartigingswaardige waarskuwings teen die teologiese nivelle-

ring van die voorstellings dienaangaande van die Ou en die Nuwe Testament en teen die atomistiese beskouing van die Outestamentiese Messiaanse tekste, wat hy veeleer tereg in nou verband met die Koninkryk Gods-verwachting wil sien. Dat die Messias-figuur tot aan Esegïël vernaamlik koninklik-representatiewe trekke vertoon en skugter in Jer. 30:21 en dan veral in Jes. 53 en by Sagaria priesterlik-skuld-delgende betekenis kry is nie onjuis opgemerk nie; hierdie trekke word egter oorbeklemtoon waar in die „Spruit” van Sag. 3 en in Job 19 en die *çaddiq wenôsjā*^c van Sag. 9:9 ook die plaasbekledende lyde gevind word.

Eers nou, amper in die middel van die studie gaan die skrywer oor tot die eksegeese van die herderperikope van Sagaria H. 11 en 13:7-9. Die verse 11:1-3 wat in al die nuwere kommentare en vertallings as slotperikoop van H. 10 beskou word, neem Brouwer as proloog van H. 11 en verstaan dit as 'n bedreiging teen die leiers van Israel wat in hul pragtige met seder- en sipreshout geboude en betimmerde huise in hoogmoed en selfgenoegsaamheid lewe, reg en geregtigheid veronagzaam en 'n nasionalistiese strewe voorstaan. Sy opvatting word verswak deurdat hy dit ook moontlik ag dat Sagaria later onder die Libanon-beeldspraak die tempel bedoel het, nadat hy naamlik teleurgestel was in die kulties-formalistiese van die tempeldiens. Die skrywer se grootste beswaar teen die gebruiklike opvatting van die perikoop (as teen die grootmagte van die profeet se dae gerig) lê in die vermelding van die sipres wat volgens hom 'n nederige boom is en geen simbool van mag en grootheid kan wees nie en dan ook nooit in die O.T. sou voorkom as daar van die wêreldmagte sprake is. Mens sou wil vra of die skrywer ooit 'n sipres in die regte klimaat gesien het temeer waar hy van die „gebladerte” van die sipres spreek waarom die boom bewonder sou wees; en bewysplekke uit die O.T. noem die skrywer geen enkele nie. Die vertaling van hierdie perikoop is onnoukeurig, om nie te sê slordig nie, en waarom daar 4 i.p.v. 3 verse van gemaak is, is nie duidelik nie; op die verskil in literêre vorm tussen die perikoop en die res van die hoofstuk (poësie en prosa) gaan die skrywer nie in nie. By vergelyking met ooreenkomstige gedeeltes van Jeremia (21:13 v, 22:6 v) noem hy ook Jer. 25:34 vv., maar het oor die hoof gesien dat die laaste gedeelte nie oor I s r a e l se leidsliede gaan nie.

Die eintlike hoofperikoop H. 11:4-14 wil die skrywer nie verstaan as toekomsbeeld, nog ook as verhulde beskrywing van die eie tyd van die profeet nie, maar as 'n terugblik in die geskiedenis. Met die herder word nie die profeet bedoel wat herder sou moet speel nie, ook nie die Messias nie, maar 'n soort hipostase van die goddelike geregtigheid; dis nie eintlik 'n herder nie maar 'n wagter. In die ballingskap (sowel die Assiriese as Babiloniese) het die goddelike geregtigheid die leiding van Israel oorgeneem van Israel se leidsliede (die verkopers, kopers,

herders en veehandelaars van vss. 4 en 7 vv), nie as 'n weldadige goeie herder nie, maar tog om moontlikheid van redding oop te laat. Die skrywer vertaal die moeilike vers 8: „En ik verving de drie herders (groepen) gedurende een maand” en laat dit met die Targum slaan op die tyd van die ballingskap. Dit was volgens die profeet (na die opvatting van die skrywer) 'n tyd van weldadige bewaring deur God teen die opgesluk word deur die wêreldmagte. Die vervreemding wat vs. 8b skilder, bedoel die teleurstelling van God en van sy profeet in die Israel van die ballingskap. Waar al die ander profete na die ballingskap 'n heilstyd verwag, sien Sagaria geen enkele heilsperspektief nie (bl. 167 v.).

'n Besonder vreemde sprong maak die gedagtes van die skrywer in die oorgang na vss. 11-14, waarin hy lees dat die (tydelik) verwyderde menslike herders terugkeer, deurdadig dat die wagter hom terugtrek, Israel dus weer aan sy eie leiers oorgelaat word na die ballingskap. Die wagter eis sy loon, d.w.s. God eis 'n soengeld tot delging van die skuld van die volk. Die herderleidsliede van Israel is wel bereid om dit te gee (onder invloed van die bedreiging deur instroming van die wêreldmagte, die verbreking van die staf Lieflikheid), maar hulle het geen besef daarvan dat die hoogste soengeld alleen voldoende is, hulle betaal slegs met 'n slawe loon, d.w.s. hulle skeep God af met tempelbou en tempeldiens en mensevroomheid (Brouwer verstaan onder die skatkis nie die van die tempel nie, maar van 'n fonds vir tempelbou; geen wonder dat hy die voorkom van die tempel in vs. 13 „tamelijk hinderlijk” vind).

Gevolg is dat nou al die menslike herders van Israel uitgeskakel sal word, soos die perikoop oor die dwase herder H. 11 : 15-17 wat Brouwer die epiloog noem, sou leer. Dis nou in teenstelling met vs. 4 vv. wel die profeet wat die (dwase) herder moet speel. Die „weer” van vs. 15 sou terugslaan op die herders van voor die ballingskap.

In die perikoop oor die goeie herder H. 13:7-9 sien Brouwer generlei direkte voortsetting van of verband met die herderfiguur van H. 11 : 4-14 nie; dit is nou die Messias wat nie in histories-eskatologiese lyn met die verlede staan nie maar vertikaal direk van God af gegee word en eksponent is van die dialekties-eskatologiese heilsverwachting van Sagaria. In sy dood word die ware voldoening tot stand gebring. In Hom word die totnoutoe veral nasionaal en histories gesiene goddelike verkiesing tot die ware dubbele verkiesing direk en alleen van God uit, voltooi (soos vs. 8 v. sou leer). In Hom word die nuwe verbond gesluit, 'n nuwe Godsvolk deur loutering in die tyd in die lewe groep, voordat die Koninkryk Gods aanbreek (wat in die volgende hoofstukke geskilder word). So sien die skrywer die groot betekenis van die profeet Sagaria veral in die wending van die horisontale na die vertikale pro-

fesie en die begin van die onderkenning van die „meerwaarde” van profetiese woorde van die Ou Testament.

In 'n slothoofstuk „Terugblik en Uitzicht” gee die skrywer die samevatting en perspektief van sy gedagtes en die aankondiging van 'n voortsetting van hierdie studie op Nieu-testamentiese terrein. Die laaste bladsye bevat uitnemende teologiese gedagtegang.

Dis heel jammer dat hierdie gedagtes verbonde moes word aan 'n so dikwels onbevredigende, onoortuigende eksegeese. Hulle bewyskrag word besonder geskaad deur onvoldoende Hebreeuse taalkennis („belial” word verklaar as „sonder juk” bl. 6, die Hebreeus word genoem „het Joodse taaleigen”, bl. 27, *‘amit* word „onmiddellik” afgelei van die woordjie *‘am* sonder besef van dat sy stam eintlik *‘amm* is, bl. 211, die tweede deel van 'n genetieskonstruksie word die status constructus genoem bl. 212 en die eerste deel selfs van die lidwoord voorsien *haççe'irê haççōn* bl. 219!). Van Hebreeuse grammatikas word nie die standaardwerke van Gesenius, König of Bauer-Leander nie maar Hollenberg se Hebreeuse Skoolboek gesiteer (bl. 150, 269)! Die transkripsie van die Hebreeuse woorde is onwetenskaplik (bv. die *çērē* as *e* sonder meer, die *segōl* as *ê*, die lang *i* word meestal nie assodanig aangewys nie ens.). Die verwysings is menigmaal onnaukeurig en onvoldoende, sitate uit tweede- of derdehandse bronne geneem in plaas van op die origineel terug te gaan, ou drukke word gebruik waar nuwe beskikbaar is, en in die bibliografie is die titelbeskrywings dikwels onvolledig (bl. 269). Op bl. 102 word konjektuur prinsipiël afgewys, op bl. 71 n. 3 en 133 tog daarvan gebruik gemaak. 'n Te swaarwigtig, daarnaas ook weer plat spraakgebruik, somtyds prekerige toon (bl. 16-18), skamper opmerkings teenoor andersmenendes ontstier die geskrif. Die eksegeet word sterk oorheers deur die teologodogmaticus. Dit is jammer want daar sit genoeg studie agter hierdie proefskrif en die skrywer het genoeg originele insigte om hom as medewerker op die gebied van die Ou Testament te verwelkom. Mag die loutering in die tyd wat hy in Sag. 13:9 lees, hom tot 'n nog konsensieuser, suiwerder vertolker van die profetiese Skrifwoord omsmelt.